# AKTUELE NUUS

## SAPD lê beslag op onwettige wapen

*Berig: Mariaan Smuts* *Foto: Verskaf*

**CLANWILLIAM:** Clanwilliam SAPD se misdaadvoorkomingseenheid in samewerking met 3 lede van Cape Nature, Cederberg Munisipaliteit se verkeer, 3 wetstoepassers en 'n lid van die Provinsiale Verkeer het op Dinsdag, 28 Maart, van 11:00 tot 20:30 'n voertuig inspeksiepunt op die R364 by Tweeriviere gehou.

Hulle het 173 voertuie gestop en 85 voertuie deursoek. Eenhonderd en vyf persone is by die kontrolepunt ondervra. Drie en twintig boetes van R33 000 in totaal is uitgereik. Sersant Gqokoda het beslag gelê op 'n .22 pistool wat in 'n onwettige immigrant se besit gevind is. Twee klagtes is geopen vir die onwettige besit van 'n vuurwapen en onwettige immigrant sonder die nodige dokumentasie.



**Die pistool waarop beslag gelê is.**

## Elandsbaai SAPD soek inligting

*Berig: Mariaan Smuts*

**ELANDSBAAI:** 'n Saak van huisbraak en diefstal word in Elandsbaai ondersoek nadat sowat R25 000 se voorraad by 'n fabriek in die dorp gesteel is. Kreefsterte van 20kg, heel kreef van 60kg en 10kg vleis is op 29 Maart, tussen 01:30 en 18:00 vanuit die fabriek gesteel.

Pieter Engelbrecht het die saak by die Elandsbaai SAPD aangemeld. Volgens die SAPD is daar by die koelkamer van die fabriek ingebreek. Daar is al verskeie keer by die fabriek ingebreek. Geen leidrade is nog gevind nie.

Enige persoon met inligting kan die kommunikasiebeampte, speurder-sersant Gert Titus kontak by 079 894 1824. Alle inligting sal as hoogs vertroulik hanteer word. 'n Beloning word aangebied vir die persoon met positiewe inligting in die saak wat kan lei tot 'n arrestasie om die saak op te los.

## Sardyne spoel uit op Strandfontein

*Berig: Darren Goliath* *Fotos: Verskaf*

**STRANDFONTEIN:** Sardyne het op Woensdag, 22 Maart op Strandfontein uitgespoel.

'n Klein vissersbootjie het visgevang tussen Strandfontein en Doringbaai. Die visserbootjie het 'n net om 'n skool visse gegooi toe die hidrouliese pyp gebreek het. Om enige olielekkasie te verhoed, is die visvang onmiddellik gestaak.

Gedurende die tyd het daar 2 tot 3 ton sardyne uit die net, op die strand uitgespoel. Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake het die publiek gewaarsku om nie die sardyne op te tel nie omdat dit 'n gesondheidsrisiko kon inhou.

Die sardyne is deur beamptes van die departement opgetel en by die munisipale stortingsterrein in Lutzville begrawe.

'n Monster van vars vis is geneem vir ontleding deur die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake.



**Werkers besig om sardyne by die vullisterrein te stort.**



**Die sardyne wat op die strand uitgespoel het.**

## Vlaag van inbrake by besighede

*Berig: Adjudantoffisier Jannie Louw*

**VREDENDAL:** Die aantal inbrake in Maart in Vredendal het die hoogte ingeskiet.

Die 9 sake toon 'n styging van 125% in vergelyking met dieselfde tydperk verlede jaar. Volgens statistieke is sewe van die sake aangemeld in die laaste week alleen. Die sake het meestal plaasgevind in die sakekern van die dorp en die eiendom wat gesteel is, is van min waarde. Die persele waar ingebreek is, sluit ook kleuterskole in.

Geslote kringkameras het wel op verskeie van die persele die verdagtes baie duidelik uitgebeeld.

Die plaaslike speurders het vier jeugdiges in verband met die voorvalle ondervra. Die ouderdom van die kinders wissel tussen 7 en 13 jaar. Na verwagting gaan die kinders aan 'n maatskaplike program onderwerp word ten einde hul gedrag aan te spreek.

## Bekende landbouprodusent oorlede

*Berig: Annemarie Munnik* *Foto: Verskaf*

**VREDENDAL:** 'n Welbekende landbouprodusent, Ryan Engelbrecht is Vrydag, 7 April na 'n lang siekbed oorlede. Engelbrecht is op 29 November 1944 in Stellenbosch gebore en het in Vredendal grootgeword. Hy het jare lank by Kapel op die familieplaas geboer. In die tydperk het hy verskeie ander plase bygekoop waarop hy geboer het. Hy was vir 23 jaar op die direksie van die Suid-Afrikaanse Droëvrugteraad. Hy het ook op Spruitdrift Kelder se direksie gedien. Volgens sy vrou, Marethé was hy 'n uitstekende landbouprodusent. Sy seuns het 'n paar jaar gelede die boerdery oorgeneem.

Engelbrecht laat sy vrou, twee seuns en ses kleinkinders agter. Hy word Saterdag, 15 April om 10:30 vanuit die NG Moedergemeente in Vredendal begrawe.



**Ryan Engelbrecht.**


CEDERBERG FARMING TRAWAL (PTY) LTD — ENVIROAFRICA CC

NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

**NEW WAVE DAM VANRHYNSDORP DISTRICT**

**PROPOSED WATER STORAGE DAM ON PORTIONS 101 AND 168 OF THE FARM MELKBOOM NO. 384, VANRHYNSDORP**

Notice is hereby given of the intention to submit an application for environmental authorisation and the associated public participation process in terms of the **National Environmental Management Act**, 1998 (Act No. 107 of 1998) ("NEMA") (as amended). The proposed development of a water storage dam on Portions 101 and 168 of the Farm Melkboom No. 384, Vanrhynsdorp falls within the ambit of activities listed in terms of the Environmental Impact Assessment ("EIA") Regulations, 2014 (as amended).

**EnviroAfrica cc has been appointed by Cederberg Farming Trawal to manage the process of applying for an environmental authorisation.**

**Application for environmental authorization to undertake the following activities in terms of the EIA Regulations of 2014 (as amended):**

Government Notice R. 327 (Listing Notice 1): Activity No. **12, 13, 19**
Government Notice R. 325 (Listing Notice 2): Activity No. **16**
Government Notice R. 324 (Listing Notice 3): Activity No. **14**

**Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

**Project Description and Location:**
The proposed dam will be located on Portions 101 and 168 of the Farm Melkboom No. 384, Vanrhynsdorp. The site is located approximately 10km south of Klawer, on the western bank of the Olifants River.

Site co-ordinates: **31° 52' 05.40" S, 18° 37' 46.35" E**.

The proposed dam will have a height of approximately 8m and a crest length of approximately 440m. The dam will have a capacity of approximately 92 000$m^3$ and a surface area of approximately 2.3ha.

***Public Participation:***
I&APs are hereby notified of the intended application and are invited to register (in writing) and/ or provide comment on **any issues, concerns or opportunities relating to the proposed project on or before 19 May 2023. The contact details to be used are** provided below:
**Consultant**: EnviroAfrica cc P.O. Box 5367, Helderberg, 7135
Fax: 086 512 0154 / Tel.: 021 8511616
E-mail: **maboee@enviroafrica.co.za or info@enviroafrica.co.za**



## BEURS VIR NA-SKOOLSE STUDIES

**Aansoeke vir 'n naskoolse studiebeurs vir voltydse studie by 'n tersiêre instelling in die Wes-Kaap het geopen.**

Die beurs dek die klasgeld en losiesgeld vir 2023 en sal in twee dele betaal word:

- 50% by aanvang van die jaar en 50% indien die eerste semester se vakke almal gelaag is
- Aansoekers moes die vorige jaar al hulle vakke geslaag het.
- Aansoekers moet ten minste een ouer hê wat steeds werk in die Pelagese Visbedryf op die Weskus.
- Aansoekers moet as gevolg van unieke omstandighede 'n hulpbehoewende agtergrond kan bewys.

Stuur u aansoek in brief vorm aan manager@weskusvissers.org vergesel van u studierekord in 2022, die bewys van 'n ouer wat werk in die Pelagiese Visbedryf op die Weskus, asook 'n verduideliking van die betrokke hulpbehoewende agtergrond, **voor 30 April 2023.**

Die besluit van die beursgewer is finaal en die suksesvolle kandidaat sal telefonies in kennis gestel word voor 31 Mei 2023.

WESKUS VISSERS KOÖPERASIE BEPERK / WEST COAST FISHERS CO-OPERATIVE LIMITED

ATLANTIC ENTERPRISE


## Eienaar van bokke gesoek

*Berig: Verskaf*

**LUTZVILLE:** JP Mostert het op 12 Februarie gevind dat daar 16 bokke op sy plaas sonder 'n wagter of eienaar in die omgewing rondgeloop het. Hy het die bokke in 'n kamp gesit en gee hulle kos en water.

Enige persoon wat dalk bokke in daardie tydperk verloor het en die bokke kan beskryf, is welkom om Mostert te kontak by 082 884 6839 of kantoornommer 027 217 1444.